

25 Oktober

1 Petrus 2:11-25 (2:21)

Om Jesus "noukeurig" te volg

Hoeveel onthou jy nog van jou kinderdae? Onthou jy nog die beginjare van jou skoolloopbaan toe jy moes leer skryf? Toe is daar gereeld bladsye met modelskrif van die alfabet aan jou uitgedeel. Onthou jy nog hoe jy dit moes probeer namaak? Aanvanklik het jy baie onhandig maar tog baie noukeurig en met geweldige konsentrasie jou uiterste bes gedoen om hierdie volmaak gevormde letters van die alfabet na te boots. Dit is presies wat Petrus hier bedoel as hy terugdink aan die modelskrif uit sy skooldae en dit dan op ons geloofslewe van toepassing maak: Ons het Christus letterlik as "voor-beeld" (modelskrif) vir ons lewe. Petrus gaan verder en stel dit nog sterker en sê dat ons Jesus self in sy voetspore (letterlik: kort op sy hakke) moet volg. In hoe 'n mate het ek al hierin geslaag? Ek is mos 'n Christen. Ek is mos 'n kind van die Here. En ek bid mos gereeld, lees my Bybel en gaan gereeld kerk toe. Sou dit noukeurig genoeg wees?

Petrus het egter uit dure ondervinding geleer dat dit nie so maklik en eenvoudig is nie. Was dit nie hy wat vroeër aan Jesus belowe (Joh. 13) het: "Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U gee...", terwyl hy later voor die kruisiging van Jesus baie huiwerig en bang sy Meester op 'n afstand (Joh. 18:15-16) gevolg het nie? En ek? Hoe vinnig kan die afstand tussen my en Christus nie rek en groter word as ek as Christen in hierdie wêreld (veral) "onverdiend" moet ly en swaarkry nie. Wie van ons sou werklik bereid wees om in die bloedspoor wat Jesus nagelaat het te volg om sodoende vir Hom as 'n getuie te dien?

Ek sou wel daartoe in staat wees as Hy my die krag gee. Deur sy Heilige Gees is dit wel moontlik om op Hom as voorbeeld te konsentreer en sy vrug (Gal 5:22, 25) in my lewe te dra.

Dink daaraan: As kind was dit vir my baie moeilik om die modelskrif van die alfabet volmaak na te boots en tog het ek nooit ophou probeer nie. Waarom sal ek nie ook daarna streef om in my geloofslewe die volmaakte voorbeeld Jesus Christus na te boots en te volg nie?

En onthou die wonderlike troos vir alle volgelingen kort op die hakke van Jesus Christus: Eendag as hierdie aardse "skooldag" verby is wag daar 'n wonderlike herontmoeting met Jesus Christus!

Sing: Psalm 25:2, 6

Ds. D.P.J. Erasmus (Jeffreysbaai)